

twee matrose

Brei vir die kleingood matroostruie vir die koeler lentedae. Deur Riana van der Merwe

ALGEMENE AFKORTINGS

alt - alternatiewe
aw - aweregs
beg - begin
drif - dubbelrif: r2, aw2
gv - gare vorentoe
herh - herhaal
ks - koussteek: een ry regs, een ry aweregs
N(e) - naald (naalde)
oorbl - oorblywende
pat - patroon
r - brei regs
rif - riffelsteek: r1, aw1
R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk
st(e) - steek (steke)
tes - tesame
vermeer - vermeerder
vermin - verminder
vlg - volgende
weersk - weerskante

Gestreepte dogterstrui

Hierdie patroon is taamlik maklik.
Koste: Sowat R 72,00

MATE

Om kinders van 4(6;8;10;12) jaar te pas

Ware grootte:

Bors: 71(76;81;86;91) cm
 Lengte tot skouer: 42(45;47,5;52;57) cm
 Moulengte: 26(29;32,5;34,5;38) cm

BENODIGDHEDE

Pingouin Coton Naturel Double Crepe (50 g-bolle), 4(5;6;7;8) bolle Luxor (kleur-nr. 02) en 1(1;2;2) bolle Suez (12); 'n paar Inox-breinaalde van 3,00 mm en 3,50 mm.

Let wel: tensy aanbevole brei-draad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooië kledingstuk

aanvaar nie.

SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen.

24 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,50 mm-naalde

Die regte spanning is uiters belangrik: indien daar minder steke in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel steke, dikker breinaalde gebruik word.

PATROONSTEEK

1e - 4e ry: Beg met 'n r-ry, brei 4 rye ks met B.

5e - 10e ry: 6 rye ks met A.

11e ry: Met A, r2, *gv, r2tes, r1*; herh van * tot *.

12e - 18e ry: Beg met 'n aw-ry, brei 7 rye ks met A.

Hierdie 18 rye vorm een pat.

Pat-volgorde vir agter-

en voorpant: Brei 6(7;7;8;8) volledige patrone, brei dan 1e - 4e ry nog 'n keer - 112(130;130;148;148) rye.

Pat-volgorde vir moue: Brei 4(4;5;5;6) volledige patrone, dan nog 'n keer 1e - 4e ry - 76(76;94;94;112) rye.

AGTERPANT

Gebruik 3,00 mm-Ne en A, stel 82(86;94;98;102) ste op en brei dubbelrif.

1e (RK-) ry: *r2, aw2*; herh van * tot *, eindig met r2.

2e ry: aw2, *r2, aw2*; herh van * tot *. Herh dié 2 rye tot werk 7(5;7;5;7) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n 1e rif-ry.

Vermeer-ry: [rif 16(11;18;13;10), vermeer in vlg st] 4(6;4;6;8) keer, rif oorbl 14(14;18;14;14) ste - 86(92;98;104;110) ste.

Slaan oor na 3,50 mm-Ne, heg A vas en brei pat soos uiteengesit. Brei tot alle rye van pat-volgorde

voltooi is, brei dan nog 1 ry aw met B om 'n riffel te vorm. Heg alle ste af.

VOORPANT

Soos agterpant.

MOUE(2)

Gebruik 3,00 mm-Ne en A en stel 42(42;46;50;50) ste op; brei 4(7;5;7;5) cm drif, eindig met 'n 1e rif-ry.

Vermeer-ry: [rif 10(5;7;10;5), vermeer in vlg st] 3(6;5;4;7) keer, rif oorbl 9(6;6;6;8) ste - 45(48;51;54;57) ste.

Slaan oor na 3,50 mm-Ne, heg B vas en brei volgens pat, vorm terselfdertyd syrande.

Vermeer 1 st aan weersk van 6e ry van 1e pat, brei dan 4 rye op dié 47(50;53;56;59) ste. Brei die 11e pat-ry wat presies hier pas; vermeer daarna aan weersk van vlg ry, en dan aan weersk van elke vlg 6e ry 1(0;6;4;11) keer, daarna elke vlg 4e ry, 13(15;10;13;7) keer.

Wanneer die 11e pat-ry gebrei word, moet die gv nie te naby die syrand van die werk geplaas word nie. Brei voort op 77(82;87;92;97) ste tot alle rye van pat-volgorde voltooi is. Brei nog 1 ry r met B en heg alle ste af.

SKOUERSTUKKE (2)

Gebruik 3,00 mm-Ne en A en stel 24(24;28;28;32) ste op. Brei drif met een rs-rand-st aan weersk.

1e (RK-) ry: r3, *aw2, r2*; herh van * tot *, eindig met r1.

2e ry: r1, *aw2, r2*; herh van * tot *, eindig met aw2, r1. Herh die 2 rye tot pant 8(8;10;11;13) cm lank is vanaf beg en heg rifsgewys af.

AFWERKING

Speld afhegrand van skouerstuk-

ke teenaan borand van voorpant met sykante gelyk en werk hulle met agtersteek aan mekaar vas. Merk die middel van sykante van skouerstukke met 'n gekleurde draad om die skouerlyn aan te dui; merk ook die afhegrand van elke mou op dieselfde manier. Plaas die merkers teen mekaar en speld moue aan sykante van agter- en voorpant vas, sorg dat sykante van moue aan weersk tot dieselfde pat-ry strek. Werk moue met agtersteek in posisie soos vasgespeld, werk daarna sy- en mounate toe.

Seunstrui met ritssluiters

Hierdie patroon is taamlik maklik.
Koste: Sowat R50,00

MATE

Om kinders van 4(6;8;10;12) jaar te pas

Ware grootte:

Bors: 72(77;82;88;93) cm
 Lengte tot skouer: 40(43;46;50;54) cm
 Mounaat: 28,5(31,5;35;37;39,5) cm

BENODIGDHEDE

Pingouin Classic DK (50 g-bolle), 4(5;6;7;8) bolle vlootblou (kleur-nr. 57); loshaak-ritssluiters, 25(25;30;30;35) cm lank; 'n paar elk Inox-breinaalde van 3,00 mm en 3,75 mm.

Let wel: tensy aanbevole brei-draad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooië kledingstuk aanvaar nie.

SPANNING

Spaar tyd deur 'n spanningstoets te doen. 22 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,75

patroon en
ontwerp Pingouin,
patroonversorging
Sjoukje Jordaan

mm-naalde.

Die regte spanning is uiters belangrik. Indien daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel steke, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

ga - gare agter

gl1awg - glip 1 st aweregsgewys

rif - riffelsteek: aw2, r1

PATROONSTEEK

Oor 'n onewe aantal steke.

1e - 10e ry: Beg met 'n r-ry en brei ks.

11e ry: r1, *aw1, gl1awg, hou draad aan voorkant*; herh van * tot *, eindig aw1, r1.

12e ry: r1, aw1, *ga, gl1awg, gv, aw1*; herh van * tot *, eindig r1.

13e ry: r1, gv, *gl1awg, aw1*; herh van * tot *, eindig gl1awg, ga, r1.

14e ry: r1, gl1awg, *gv, aw1, ga, gl1awg*; herh van * tot *, eindig r1.

Dié 14 rye vorm een patroon.

Patroonvolgorde vir moue: Beg met 'n r-ry en brei 10(6;4;10;6) rye ks, herh daarna 11e tot 14e pat-ry, brei dan 5(6;7;7;8) volledige patrone. Altesaam 84(94;106;112;122) rye.

AGTERPANT

Gebruik 3,00 mm-Ne en stel 83(89;95;101;107) ste op, brei rif.

1e (RK-) ry: *aw2, r1*; herh van * tot *, eindig aw2.

2e ry: r2, *aw1, r2*; herh van * tot *.

Herh die 2 rye nog 5 keer.

Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei pat soos uiteengesit, sonder vorming, tot werk 23(25;27;30;33) cm lank is vanaf beg. Eindig met 'n VK-ry.

Skrif die aantal rye wat in pat gebrei is, neer.



Mousgatvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg 2 alt rye.

Brei op oorbl 71(77;83;89;95) ste tot werk 40(43;46;50;54) cm lank is vanaf beg. Eindig met 'n VK-ry. Skrif die aantal rye wat in pat gebrei is, weer neer.

Skouer- en halsvorming: Heg 7(8;8;9;10) ste af aan beg van vlg 2 rye.

3e ry: Heg 7(8;8;9;10) ste af, brei tot daar 13(13;15;15;15) ste op N is. Hou hulle eenkant, heg vlg 17(19;21;23;25) ste af, brei tot einde.

Linkerskouer: Brei op 20(21;23;24;25) ste en heg 7(8;8;9;10) ste af aan beg van vlg ry en 5 ste aan halsrand van daaropvlg ry.

Heg oorbl 8(8;10;10;10) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Regterskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, heg 5 ste af, brei tot einde. Heg oorbl 8(8;10;10;10) ste af.

REGTERVOORPANT

Gebruik 3,00 mm-Ne en stel 41(44;47;50;53) ste op, brei 12 rye rif soos vir middelboord van agterpant (maar vermeer 1 st in middel van laaste rif-ry, slegs vir 2e en 4e grootte - 41(45;47;51;53) ste.)

Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei pat.

Let wel: Lees eers die volledige aanwysings vir regtervoorpant deur voor jy verder brei. Vir 2e en 4e grootte, beg halsvorming in dieselfde posisie as die van mousgatvorming en die eerste halsrand-vermin moet aan einde van dieselfde ry as eerste afhegting vir mousgat gedoen word.

Vir 1e, 3e en 5e groottes begin die halsvorming later. Brei sonder vorming voort tot jy 1 ry meer, as tot mousgat van agterpant, voltooi het; eindig dus aan syrand, na 'n RK-ry.

Mousgat- en halsvorming:

Heg vir mousgat 2 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry en 1 st aan dieselfde rand in vlg 2 alt rye. Terselfdertyd, wanneer die pant 25(25;30;30;35) cm lank is vanaf beg, vermin 1 st aan voorpantrand van vlg ry en daaropvlg 3(2;6;3;5) alt rye. Vermin daarna aan dieselfde rand in elke vlg 4e ry 9(12;8;13;11) keer. Wanneer alle vormings voltooi is, brei op oorbl 22(24;26;28;30) ste voort tot jy 1 ry minder gebrei het as vir agterpant tot skouer; eindig dus aan syrand.

Skouervorming: Heg 7(8;8;9;10) ste af aan beg van vlg ry en

daaropvlg alt ry. Brei 1 ry en heg oorbl 8(8;10;10;10) ste af.

LINKERVOORPANT

Soos regtervoorpant, maar met alle vormings omgekeerd. Beg mousgaten en skouervormings by dieselfde patry as vir agterpant.

MOUE(2)

Gebruik 3,00 mm-Ne en stel 47(50;53;53;56) ste op.

Brei 12 rye rif (maar vermeer vir 2e grootte 1 st in middel van laaste rifry en vermeer vir 4e grootte 1 st aan weersk van laaste ry; vir 5e grootte moet 1 st in middel van laaste ry vermeer word - 47(51;53;55;57) ste.

Slaan oor na 3,75 mm-Ne en brei pat-volgorde vir moue soos uiteengesit. Neem ekstra ste in pat op en vermeer 1 st aan weersk van elke daaropvlg 6e ry 3(8;10;11;14) keer, vermeer dan aan weersk van elke daaropvlg 4e ry 13(8;8;8;6) keer.

Brei op die 79(83;89;93;97) ste 6 rye sonder vorming - 76(86;98;104;114) rye na riffelboord is gebrei.

Moukopvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye, vermin dan 1 st aan weersk van daaropvlg 2 alt rye. Alle rye van pat-volgorde is hiermee voltooi. Heg af.

AFWERKING

Met RK voor en 3,00 mm-Ne, tel op en r62(62;75;75;87) ste uit reguit rand van regtervoorpant en 42(50;45;55;52) ste uit afskuinsing tot skouer.

Heg met VK voor, hierdie 104(112;120;130;139) ste in vlg ry regsgegewys af.

Brei ook so 'n rand aan linkervoorpant, maar tel die steke in omgekeerde volgorde op.

Met RK voor en 3,00 mm-Ne, tel op en r29(31;33;35;37) ste uit halsrand van agterpant en heg rifsgewys af. Werk skouernate toe, werk moukoppe vas en werk daarna sy- en mounate toe. Sorg dat patroon ooreenstem.

Werk ritssluiters vas, met basis van tandjies gelyk met opstelrand van voorpante.

Let wel: Indien die regte lengte ritssluiters nie beskikbaar is nie, gebruik die naaste korter lengte. Werk dan 'n hakie en ogie aan bokant vas. □

